



UNIVERSITEIT • iYUNIVESITHI • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

100
1918 - 2018

HOE OM JOU VOORGRAADSE PROGRAM TE KIES (2020)

1. Vir 'n aansoek na die Universiteit Stellenbosch, kan jy 'n eerste, tweede en derde programkeuse aandui. Die rede waarom jy drie programme kan aandui, is omdat daar programme is met uitgebreide keuringskriteria en jy dalk nie vir jou eerste keuse gekeur kan word nie, maar wel vir jou tweede of derde.
2. Jy kan egter net vir een program op 'n slag toegelaat word. Indien jy eerste toegelaat word vir jou tweede keuse en jou eerste keuse word daarna heroorweeg, sal die tweede keuse verval sodra jy vir jou eerste keuse toegelaat word.
3. As jy liever sou wou voortgaan met jou tweede (of derde) keuse moet jy ons teen die einde van September by info@sun.ac.za laat weet. Die aanbod wat jy van die hand wys, sal verval. Na September sal jou versoek om te verander slegs oorweeg word indien daar plek beskikbaar is.
4. Al ons programme het keuringsvereistes, maar die volgende programme het almal **uitgebreide keuringsprosesse**: Alle programme in die fakulteite Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Regsgeleerdheid, Ingenieurswese; BA (Visuele Kunste); BA (Drama); alle programme in Musiek; BA (Sportwetenskap); BSc (Sportwetenskap); BEd (AlgOnd); BCom (Aktuariële Wetenskap) en BCom (Internasionale Besigheid).
 - 4.1 Indien jou eerste programkeuse een van hierdie **streng keuringsprogramme** is, beveel ons aan dat jy 'n tweede keuse ook aandui. Indien jou eerste- en tweede keuse uit die lys van bogenoemde programme is, stel ons voor dat jy ook 'n derde keuse aandui wat nie uit hierdie lys kom nie.
 - 4.2 As jy van program wil verander, stuur 'n e-pos aan info@sun.ac.za met jou versoek. Onthou asseblief dat, na die sluitingsdatum, jy net oorweeg kan word as daar nog plek in die betrokke program beskikbaar is.
5. Om jou te help om jou programkeuse in die regte volgorde te plaas, neem ook die volgende in ag:

Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

Die fakulteit sal slegs jou programkeuse oorweeg indien dit as jou eerste keuse aangedui word.

Opvoedkunde

Die fakulteit sal slegs jou programkeuse oorweeg indien dit as jou eerste keuse aangedui word.

Regsprogramme

- Keuring vir die programme BA (Regsgeleerdheid) en BCom (Regsgeleerdheid) sal slegs oorweeg word indien dit jou eerste keuse is.
- Die voorgraadse, vierjarige LLB-program sal as eerste of tweede keuse op jou aansoek oorweeg word.

Lettere en Sosiale Wetenskappe

Die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe sal net aansoek vir eerste of tweede keuses oorweeg.

- Derde keuses sal slegs oorweeg word as die eerste twee keuses uit die lys keuringsprogramme hierbo is.
- BA Sportwetenskappe sal net eerste en tweede keuses oorweeg word.

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW)

- Hierdie fakulteit sal eerste, tweede of derde programkeuses oorweeg. Indien jy meer as een EBW-program op jou lys het, sal alle EBW-keuses in jou voorkeur volgorde oorweeg word.
- BCom (Internasionale Besigheid), BCom (Aktuariële Wetenskap), en BCom (Regsgeleerdheid) sal slegs oorweeg word indien dit jou eerste keuse is.

AgriWetenskappe

Hierdie fakulteit sal eerste, tweede of derde programkeuses oorweeg met die uitsondering van BSc Voedselwetenskap en BScAgric (Veekunde), of 'n program waar Voedselwetenskap of Veekunde as vakgebied aangebied word. Vir sulke programme sal slegs eerste en tweede programkeuses oorweeg word.

Natuurwetenskappe

Hierdie fakulteit sal jou aansoek vir een van hulle programme as 'n eerste, tweede of derde keuse oorweeg. Die programme BSc (Menslike Lewenswetenskappe), BSc (Molekulêre Biologie en Biotegnologie) en BSc Sportwetenskap, sal egter slegs as derdekeuse-aansoek oorweeg word indien daar plek beskikbaar is.

Ingenieurswese

Hierdie fakulteit sal jou aansoek vir een van hulle programme as 'n eerste, tweede of derde keuse oorweeg. Jy kan vir meer as een program in BIng aansoek doen, bv. BIng (Siviel) as eerste keuse en BIng (Bedryfs) as tweede keuse, omdat die programme se keuringskriteria mag verskil.

Teologie

Hierdie fakulteit sal jou aansoek vir een van hulle programme as 'n eerste en tweede keuse oorweeg en sal slegs as derde keuse oorweeg word indien daar plek beskikbaar is.